# Groot, Groter, Grootste

*Wat is die mens dat U aan hom dink?*

Psalm 8:5

## Groot mens

Dit sou seker nogal vreemd op die oor geval het as daar in die kerk oor die grootheid van die mens gepraat sou word. Ons weet mos dat God die hoogmoediges weerstaan en aan die nederiges genade gee. ’n Mens moet jou nie iets verbeel nie.

Wag ’n bietjie. Dit kan ook anders bedoel wees. God dink self dat ons groot is. Hy wou ons groot mense gemaak het.

> *“Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers…”*

Onderkoning, sê ons dikwels. Dit word besing in die lied van Israel:

> *U laat hom heers oor die werke van u hande;*
> *U het alles onder sy voete gestel.*
>
> (Psalm 8)

Niemand anders as die Skepper weet hoe groot ons is nie. Waartoe ons in staat is. Wanneer Hy ingryp in Babel, is Hy “bang” dat ons nog tot baie meer in staat is. “Dis is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.”

Ons navorsing reik ver. Ons weet baie van die ruimte daarbo. Ons duik tot baie diep in die see. Dring deur tot byna by die geheim van die lewe. Ons beheers en gebruik. Dit is deels wat God bedoel het. “U het hom ’n weinig minder gemaak as ’n goddelike wese.”

Tereg: groot mens.

## Groter

As dit maar vir ons genoeg kon gewees het.

Tussen Genesis 1 en Psalm 8 staan die geskiedenis van ons val beskryf. Glad nie ver van daardie mooi begin af nie. Ons het dit blykbaar net vir ’n kort rukkie volgehou. Ons wou nog groter word. Nie terugstaan vir die Allerhoogste nie. Daagliks word ons gekonfronteer met die hartseer gevolge daarvan. Dit wissel van diere wat ly, tot aborsie omdat ons – so slim as wat ons gemaak is! – al tydens swangerskap die diagnose kan maak. God het ons baie moontlikhede gegee, maar deur mensehande en -verstande word dit dikwels misbruik.

Ons weet blykbaar nie meer hoe om met ons grootheid om te gaan nie. Dit bedreig ons selfs en tas die wêreld aan. Ons rig baie skade aan. En aan God dink ons liewer nie. Die Grootste Een is verban uit ons denke en word geen plek gegun in ons ervarings nie.

Ons sien slegs die natuur raak, nie die Skepper nie. Ons bestudeer mooi dinge maar skenk geen aandag aan die Een wat dit bedink het nie. Ons werk met teorieë, verdedig hipoteses en bely nie die Naam van die HERE daarby nie.

Want dan sal jy moet klein word. En dit kan ons in ons grootheidswaan nie meer regkry nie.

## Grootste

Hou vas aan Psalm 8. Deur die geloof. Dan sal jy nie meer die mens en sy wêreld losmaak van die Skepper nie. Of jy nou boontoe kyk of om jou heen, jy kom Hom oral teë. En dit doen ŉ mens goed. En belangriker: dit is reg teenoor God.

Selfs in hierdie geskonde wêreld kan Hy sigbaar word en bly. Jy kan voorkom dat jy beïnvloed word deur gedagtes waarin Hy geen plek het nie. Dit help regtig as jy Hom daagliks met jou laat praat. En anders? As jy op die verkeerde manier groot wil bly? Dit kan die Allergrootste nie toelaat nie. Daarom is daar die gedeelte in die Skrif oor die hoogmoediges wat weerstaan word (Jakobus 4:6).

Want wie is nou werklik groot?

> *"O HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde."*

Daarmee begin en eindig die lied waarin die groot mens hom neerbuig.

JT Janssen

© 2018
www.christelikemedia.org

*Hierdie artikel is deur Lize Kampman vertaal.*